**Lees – Week 1 (Read every day)**

**Dudu en Didi (deel 1)**

Dudu en Didi is 'n tweeling, maar hulle lyk glad nie na mekaar nie. Dudu is die seuntjie. Hy is groot en sterk. Hy is seker 'n hele kop langer as Didi. Sy lyfie is ronde n sy bene en arms is so lank soos pale. Didi is die dogtertjie. Didi is die dogtertjie en haar lyfie is maer en dun. Haar beentjies en armpies is so dun soos stokkies.

Dudu en Didi is nege jaar oud en hulle moet nou Graad vier toe gaan. Hulle tasse is al gekoop en elkeen het 'n nuwe kosblik en skerp, kleurvolle potlode gekry. Hulle is reg om te gaan leer!

Dis die eerste skooldag. Dudu spring op een beentjie van blydskap. Sy nuwe skoolskoene klap-klap op die vloer. "Kom, Didi, kom ons loop. Ek kan nie meer wag nie! Is jy ook bly dat ons vandag skool toe gaan?" lag hy.

Didi knik haar kop. "Ja, ek is ook bly," sê sy. Sy is te skaam om te sê dat sy bang is. Haar hart klop doef-doef in haar keel. Sy bewe en voel lam. Sy wil regtig nie skool toe gaan nie. Sy is bang almal gaan haar spot omdat sy so klein en maer is. Sy weet al wat die kinders gaan sê: "Haai! Maar jy is klein! Hoekom eet jy nie jou pap nie? Jy moet nog by die huis bly!"

Didi stap maar saam met Dudu. Sy wil sommer huil. Sy wens sy was nie so klein nie, sy wens sy was ook so groot en sterk soos Dudu. Sy sleep haar voete. Sy wil nie eintlik gou by die skool kom nie.

By die skool speel Dudu gou met sy nuwe maatjies. Maar nie Didi nie. Didi staan so stil en plat as moontlik teen die muur. Sy hoop niemand sien haar nie. Sy wil nie hê die kinders moet haar spot nie!






.

# Werkkaart 6.1
## Luister en praat: Woordpret

**Kom ons kyk eers na al die woorde en prentjies voordat ons die storie lees. Sê die woorde hardop. Kan jy raai waaroor die storie gaan?**



## Skryftyd: Gebruik die alfabet

**1. Sê die alfabet hardop.**

a b c d e f g h i j k l m n o p q r s t u v w x y z

**2. Kyk nou weer na al die woorde op bladsy 2. Skryf die woorde in alfabetiese volgorde neer**
(Write the words on p 2 in alphabetical order)

--- xx ---

R Lues Afr Kwartaal 2 (Week 1 Dag 2)

## Werkkaart 6.2
## Lees en praat: 'Naomi se ouma'

**Lees die storie baie goed deur.** (Read the story)

### Naomi se Ouma




"Ek weet nie. Maar sy plant mooi blomme in haar tuin," sê Naomi.
Lindi sê: "My ouma bak klein koekies!"
"My ouma kan 'n groot koek bak!" sê Susan. "Wat van jou ouma, Naomi?"
Naomi antwoord: "My ouma bak nie, maar sy kan verf. Sy leer my om leë blikkies en eiers te verf en dit te verkoop."
Susan sê: "My ouma het vir haar 'n pragtige rok gemaak."
"My ouma het vir haar 'n mooi hoed gekoop," sê Lindi. "En wat van jou ouma, Naomi?"

"Wel, my ouma dra net jeans. Maar sy het vir haar groen tekkies gekoop!" sê Naomi.






Susan sê: "My ouma het 'n mooi geel motor gekoop."
Lindi sê: "My ouma ry net in 'n motor as iemand anders dit bestuur. Wat van jou ouma, Naomi?"



Naomi sê: "My ouma ry op haar fiets."

"Ek en my ouma het gister gaan fliek," sê Lindi.



Susan sê: "My ouma neem my konsert toe! Wat van jou ouma, Naomi?"

"Ons doen baie goed by die huis. My ouma sing en sy leer my dans!" sê Naomi.

*Michelle Holloway*



(Uit: *Naomi se ouma*, Human & Rousseau, 1995)

## Werkkaart 6.3
## Skryftyd: 'n Boodskap

**Lees die boodskap wat Naomi vir haar ouma geskryf het. Skryf daarna jou eie boodskap van 30 – 50 woorde vir iemand.** (Read the message Naomi wrote to her granny. Then write your own message to anybody you choose 30 – 50 words)

Liewe Ouma

Ek kan ongelukkig nie vanmiddag kom om saam met Ouma te verf nie, want ek speel netbal. Ek sal more by Ouma kom kuier.

Mooi bly ! Lief vir Ouma.

Naomi


--- xx ---



## Werkkaart 6.4
## Begripslees: 'Naomi se ouma'

**Lees weer die storie 'Naomi se ouma' om die vrae makliker te kan beantwoord.**
(Read the story 'Naomi's Granny again to help you answer the questions easily)

**A) Skryf woorde vir prentjies om die blokkiesraaisel te voltooi.**
(Complete the crossword by writing words for the pictures)



**B) Pas die sinne by die regte ouma.** (Match the sentences to the correct granny)

a) Sy bak 'n koek.
b) Sy verf blikkies.
c) Sy gaan fliek toe.
d) Sy koop 'n hoed.
e) Sy ry op 'n fiets.
f) Sy plant blomme.
g) Sy het 'n geel motor.
h) Sy maak 'n rok.
i) Sy maak 'n hemp.
j) Sy koop groen tekkies.
k) Sy bak koekies.
l) Sy brei 'n trui.

**Lindi se ouma**
1. ________
2. ________
3. ________
4. ________

**Susan se ouma**
1. ________
2. ________
3. ________
4. ________

**Naomi se ouma**
1. ________
2. ________
3. ________
4. ________

--- xx ---



## Werkkaart 6.5
## Pret met taal

**A) Skryf die sinne in die verlede tyd (find the verb, het en ge! Remember?)**
(Write the sentences in the past tense).

1. Susan se ouma koop 'n mooi hoed.
2. Lindi se ouma maak vir haar 'n T-hemp.
3. Susan se ouma brei vir haar 'n trui.
4. Naomi se ouma doen nie naaldwerk nie.
5. Naomi se ouma plant blomme.
6. Naomi se ouma dra net jeans.

**B) Vul die korrekte byvoeglike voornaamwoorde in. Kies uit die woorde in rooi.**
(Fill the correct adjective in. Choose from the words in red)

groot klein groen pragtige mooi

1. Naomi se ouma plant __ in haar tuin.
2. Lindi se ouma bak __ koekies.
3. Susan se ouma bak 'n __ koek.
4. Susan se ouma het vir haar 'n __ rok gemaak.
5. Naomi se ouma koop __ tekkies.

**C) Voltooi die sinne deur die regte voornaamwoord in te vul. Kies uit die woorde in groen.**
(Complete the sentence by choosing the correct pronoun. Choose from the words in green)

ons haar hulle my sy jou

1. Ek sê dit is __ ouma.
2. Jy sê dit is __ ouma.
3. Sy sê dit is __ ouma.
4. Hy sê dit is __ ouma.
5. Ons sê dit is __ ouma.
6. Hulle sê dit is __ ouma.

**D) Naomi se ouma gaan elke week winkel toe. Ry saam en kyk wat sy alles doen!**
**Kyk na die prentjies en voltooi die storie. Kies die regte blou woord.**
(Look at the pictures and complete the story. Choose from the blue words.)

brug     stopstraat     park     voëls     klerewinkel     biblioteek




1. Naomi se ouma gaan eers _____ toe.



2. Daarna ry sy verby 'n _____.



3. Sy ry oor 'n _____.




4. Sy stop by 'n _____.



5. Uiteindelik is sy by die _____.



6. Sy is gelukkig, want sy voer die _____.

# Werkkaart 6.6 (Addisioneel)
## Begripslees:  'Dudu en Didi' (deel 1)

**Jy het die hele week die storie 'Dudu en Didi gelees.  Beantwoord nou die vrae in vol sinne.  Nie net een woord antwoorde nie!  Onthou om jou sin met 'n hoofletter te begin en met 'n punt te eindig.**

**A) Vrae:**

1. Wie is die twee karakters in die storie?
2. Wie is die seuntjie en wie is die dogtertjie?
3. Dudu en Didi lyk nie dieselfde nie.  Hoe lyk Dudu?  Hoe lyk Didi?
4. Hoe oud is Dudu en Didi?
5. Is altwee die kinders bly om skool toe te gaan?
6. Het Didi maklik maats gemaak by die skool?
7. Hoe het Didi by die skool gevoel?  Noem enige 3 dinge.

**B) Skryf die sinne in die regte volgorde soos dit in die storie gebeur het.**

* Sy wil sommer huil.
* Dudu spring op een beentjie van blydskap.
* Dudu en Didi is 'n tweeling,  maar hulle lyk glad nie na mekaar nie.
* Sy is te bang om te sê dat sy bang is.
* Sy wil nie hê die kinders moet haar spot nie.



--- xx ---

## Lees – Week 2 (Read every day)

### Dudu en Didi (deel 2)

"Kom, kinders, ko mons dra ons nuwe boeke uit die stoor na die klas toe. Almal moet kom help," sê hulle juffrou. Juffrou loop voor en die kinders hardloop agter haar aan. Didi loop stadig agterna. Juffrou gaan eerste in die stoor in.

En daar klap die deur toe! Klik! Maak die slot. Almal kyk na die toe deur. Juffrou ruk en pluk aan die deurknop. Sy het die sleutel by haar, maar die deur kan net van buite af oopsluit. Juffrou is toegesluit in die stoor! Sy sit alleen in die klein, donker kamertjie. Daar is net een piepklein venstertjie hoog bo teen die dak. Wat gaan hulle nou maak???? Party kinders wil sommer begin huil.

"Ons moet 'n plan maak," sê Juffrou. "Dudu, jy is mos lekker groot en lank. Kan jy nie die sleutel deur die venster kom aanvat nie?"

Dudu probeer sy bes. Hy rek en rek. Hy rek homself groter en langer. Hy rek hom op sy grootste en langste. Maar hy is nogsteeds te kort. Hy kan net nie by die venster bykom nie. Die kinders wil sommer weer huil. Wat gaan hulle sonder 'n juffrou doen? Toe dink Dudu aan iets. "Didi, jy is klein. Jy is kleiner as ek. Jy is die kleinste in die klas. Klim op my rug, dan kyk ons of jy nie kan bykom nie."

Didi se bene bewe en sy staan stadig op. Nou gaan al die kinders haar raaksien. Hulle gaan sien sy is kleiner en korter as almal. Hulle gaan sien sy is die kleinste en kortste in die klas. Sy weet sommer hulle gaan haar spot! Maar niemand doen dit nie. Hulle kyk net met groot oë hoe Didi op Dudu se rug klim en na die venster re ken rek. Sy steek haar hand ver uit en kry die sleutel by Juffrou. Dan sak sy stadig weer af.

"Ai, Didi, maar jy is oulik!" lag die klas. Jy kan nou die deur oopsluit."

Didi sluit die deur oop en Juffrou kom uit. Sy lyk baie bly! Almal lag en klap hande. Hulle dans om Juffrou. Juuffrou gee almal 'n drukkie. Didi lag en dans ook rond. Dis lekker om groot en lank te wees, maar dis ook lekker om klein en kort en fyn te wees.

**Elke mens is reg net soos wat hy is!**



.

# Werkkaart 6.7
## Soekspeletjie en gediggies

**A) Omkring die woorde wat by die klank in die eerste blokkie pas.**
(Circle the words that match with the sound in the first block)

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| oe | hoed | blaar | boek | moet | kan | kom | boetie | laat | sal | soet | doen | ken |
| oo | kok | kook | hoek | boom | tuin | oor | soom | sin | skryf | woon | room | rok |
| ou | kos | kus | kous | ouma | hoed | ouma | vrou | vir | kook | koud | blou | dit |
| aa | baan | groen | swaan | saam | kan | van | vis | naam | voet | eend | vakansie | staan |

**B) Dink aan nog drie van jou eie woorde met 'oe', 'oo', 'ou' en 'aa'. Skryf dit neer.**

**C) Lees die 2 rympies. Skryf dan al die rymwoorde in die rympies neer.**

My ouma
My ouma is vir my so mooi,
al is sy bitter oud.
Haar hare is al spierwit,
en sy het 'n hart van goud!

Naomi se ouma
Naomi se ouma hou van die lewe.
Sy ry op haar fiets dat die aarde bewe.
Sy doen altyd iets:
sy dans, sy verf, sy sing
en doen net haar eie ding!






**D) Probeer om een van die rympies uit jou kop uit te leer !**
(Try to learn one of the rhymes off by heart)


--- XX ---

## Werkkaart 6.8
## Hersiening: Wat ken jy nou?

**A) Kies die regte woorde tussen hakies.** (Choose the correct word between brackets)

1. Susan (**se / sê**) ouma (**se / sê**): "Ek ry in 'n geel motor."
2. Lindi (**se / sê**) ouma (**se / sê**): "Kom ons gaan fliek."
3. Naomi (**se / sê**) ouma (**voel / voël**) soos 'n (**voel / voël**) as sy dans.

**B) Kyk na die prentjie. Wat doen die oumas? Voltooi dan die sinne deur die regte werkwoord in te vul.**
(Look at the picture. What are the grannies doing? Complete the sentences with the correct verb)



1. Susan se ouma __ 'n trui.
2. Naomi se ouma __ 'n blikkie.
3. Lindi se ouma __ koekies.
4. Al drie oumas __ 'n bril.

**C) Verbind die sinne met die voegwoord *want*. Onthou 'n komma voor 'want.**
(Join the sentences with the conjunction 'want')

1. Ek hou van Susan se ouma. Sy bak 'n groot koek.
2. Ek hou van Lindi se ouma. Sy maak 'n T-hemp.
3. Ek hou van Naomi se ouma. Sy dra groen tekkies.

**D) Skryf die sinne in die verlede tyd.** (Past tense)

1. Ek hou van Susan se ouma.
2. My ma bak ook elke dag brood.
3. Sy dra groen tekkies en rooi kouse.
4. Lindi dra 'n T-hemp en groot hoed.

--- xx ---



## Werkkaart 6.9
## Skryftyd

**Kies enige 10 nuwe woorde wat jy in hierdie tema geleer het. Maak jou eie sinne met elke woord. Elke sin moet 6 – 8 woorde in hê. Dis maklik, jy is mos slim!**

(Choose any 10 new words that you have learnt in this theme. Make your own sentences with each word. Each sentence must have 6 – 8 word in. It's easy, you are clever!)

--- xx ---

**As al jou werk gedoen is, kan jy vandag bietjie rus !**

(If all your work is done, you can take a break today !)



--- xx ---



## Werkkaart 6.10 (Addisioneel)
## Begripslees: 'Dudu en Didi' (deel 2)

**A) Beantwoord die vrae in vol sinne:**

1. Waar moet die kinders hulle boeke gaan haal?
2. Wie gaan eerste in die stoor in?
3. Wie het die stoor se sleutels?
4. Wie is in die stoor toegesluit?
5. Hoekom wil die kinders huil?
6. Skryf 2 – 3 van jou eie sinne om te verduidelik hoe die kinders die stoor se sleutel gekry het.

